Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

*(Noord-Kaapse Afdeling)*

Saakno: KS 81/02

Datum Verhoor:

Datum Gelewer: 19 / 01 / 2004

In die saak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**KAREL JACOBUS VORSTER** **BESKULDIGDE**

Coram: **MAJIEDT R**

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

**1.** Die beskuldigde staan tereg op 'n aanklag van moord. Hy word daarvan beskuldig dat hy op 10 April 2001 te of naby die Grand Hotel in Kuruman vir ene Willem Speelman wederregtelik en opsetlik gedood het.

**2.** Die beskuldigde het onskuldig gepleit en sy verweer is by die aanvang van die verhoor op rekord geplaas by monde van sy raadsman, mnr. Langenhoven, as synde een van amnesie of gesonde outomatisme. In wese behels dié betrokke verweer dat die beskuldigde die betrokke nag so erg onder die invloed van sterk drank was dat hy niks kan onthou van die gebeure van die bepaalde nag nie.

**3.** Dit is gemene saak dat die oorledene se lyk ontdek is in 'n stegie agter die Grand Hotel in die voeë oggendure van 10 April 2001. Foto's van die toneel is omstreeks 3 uur die oggend van 10 April 2001 geneem deur inspekteur Fortuin van

die SAPD se Plaaslike Kriminele Rekordsentrum te Kuruman. Die foto's is ingehandig as bewysstuk.

Van die foto's sluit in 2 foto's van die beskuldigde wat deur inspekteur Fortuin geneem is by die Kuruman SAPD se aanklagkantoor. Volgens inspekteur Fortuin was die beskuldigde se gedrag tydens die neem van die foto's vreemd – hy het nie normaal opgetree nie deurdat hy, soos blyk uit een van die foto's, 'n vertonerige posisie ingeneem het.

Ek sal later weer na hierdie aspek verwys.

**4.** 'n Inspeksie ter plaatse is gehou en was van aansienlike bystand met die oriëntering van die verskeie tonele waarvan melding gemaak was tydens die verhoor. Die opvallendste aspekte van hierdie inspeksie is die volgende:

(a) dat die stegie agter die Grand Hotel waar die oorledene gevind is uiters swak belig behoort te wees gedurende die nag en dat, gegewe die posisie in die stegie waar die oorledene gevind was, die lyk redelik weggesteek was

daar;

(b) dit is ‘n aansienlike distansie vanaf die Janwa taverne, waarna later verwys sal word, tot by dié bepaalde stegie, naamlik 500 meter;

(c) die afstand vanaf die Savoy Hotel, waar die beskuldigde hom op ‘n stadium daardie nag bevind het volgens die getuienis, tot by die stegie is 187 ‘treë.

**5.** Uit die mediese getuienis, te wete die lykskouingsverslag soos nader toegelig deur Dr Scheepers, blyk dit dat die hoofoorsaak van dood ‘n massiewe hoofbesering was. Die oorledene se linkeroor was verskeur en hy het ‘ n fraktuur van die mandibel gehad. Dit is duidelik dat ‘n massiewe toediening van stomp trauma tot dié beserings gelei het. Die dokter was dit eens dat dié beserings toegedien kon gewees het met die groot baksteen wat langsaan die oorledene aangetref is en wat as bewysstuk by die hof ingedien is. Die baksteen weeg bykans 7kg volgens getuienis voor my.

6. Uit die getuienis voor my en van noodwendige afleidings daaruit ly dit geen twyfel nie dat die oorledene, wat oënskynlik 'n hawelose was, vermoor is daar waar hy die nag gelÍ en slaap het in die donker stegie agter die Grand Hotel. Hy is vermoor deurdat hy met die groot baksteen, bewysstuk 1, op sy kop geslaan of gegooi was – waarskynlik meer as een maal.

7. Die belangrikste en inteendeel deurslaggewende geskilpunt hierin, soos grootliks blyk uit die beskuldigde se pleitverduideliking soos voormeld, is of die beskuldigde die persoon is wat die misdryf gepleeg het.

Die Staat steun uitsluitlik op omstandigheidsgetuienis ter bewys daarvan dat dit die beskuldigde is wat die oorledene vermoor het. Hierdie omstandigheids getuienis bestaan uit 'n uitwysing van die oorledene se liggaam wat die beskuldigde na bewering aan inspekteur Patrick Martin van die SAPD sou gemaak het. Namens die beskuldigde voer mnr. Langenhoven aan dat dié bepaalde getuienis oor die beweerde uitwysing regtens ontoelaatbaar is, omrede die beskuldigde nie van sy grondwetlike regte ingelig is nie.

8. Luidens mnr. Langenhoven se argument, is die beskuldigde nie ooreenkomstig artikel 35 van die grondwet se bepalings daarvan verwittig dat hy:

(a) die reg tot stilswye het en;

(b) aangaande die reg tot stilswye en die gevolge om nie van dié reg gebruik te maak nie (artikel 35(1) (a) en (b) ) en;

(c) die reg het om nie gedwing te word om 'n bekentenis of erkening te maak wat as getuienis teen hom gebruik kan word nie (artikel 35(1) (c) ).

In dié verband is die getuienis van inspekteur Martin van allergrootste belang.

**9.** Ter aanvang moet ek konstateer dat inpspekteur Martin 'n baie swak getuie was, anders as wat die geval was met die ander Staatsgetuies.

Inspekteur Martin het vir my ontsettend onseker voorgekom in die getuiebank en het hy kwaai kleigetrap veral oor hierdie bepaalde aspek, te wete of hy die beskuldigde ingelig het van sy artikel 35 – regte. Ek het die voordeel daarvan dat die

getikte oorkonde van die verrigtinge tot my beskikking is en ek sal van tyd tot tyd ruimskoots daaruit aanhaal wat inspekteur Martin se getuienis aanbetref.

**10.** Inspekteur Martin het getuig dat, hy in kennis gestel is van 'n beweerde moord - daar is naamlik aan hom meegedeel dat daar 'n bebloede blanke man is wat sÍ dat hy iemand doodgemaak het.

Ek onderbreek myself hier vir 'n wyle om te meld dat die Staatsgetuie wat hierdie bepaalde rapport aan inspekteur Martin gemaak het, naamlik Alfred Keopelwe, nooit in sy getuienis melding gemaak het daarvan dat die bebloede blanke man (dis gemene saak dat dÌt die beskuldigde was) aan hom meegedeel het dat hy iemand doodgemaak het. Sy getuienis was bloot dat hy 'n bebloede blanke man in die straat teëgekom het en hom toe na die polisie gehaas het om dit te rapporteer.

Nadat inspekteur Martin hierdie rapport ontvang het, het hy na Janwa taverne vertrek.

**11.** By Janwa taverne het hy opgemerk dat die blanke man (die beskuldigde) omsingel was deur 'n skare mense. Hierdie mense was lawaaierig en het oproerig voorgekom. Hy het die beskuldigde, wat bloed op sy neus en op sy skoene gehad het, eenkant toe geneem en hom gekonfronteer met die inligting wat gespruit het uit die rapport van mnr. Keopelwe.

Hy het dit aan die beskuldigde gestel dat volgens inligting die beskuldigde iemand doodgemaak het en die beskuldigde het daarmee saamgestem. Hy het toe die beskuldigde gevra waar is die toneel en die beskuldigde het geantwoord dat dit by die Grand Hotel was. Hy het die beskuldigde in die polisievoertuig ingelaai en dié het die toneel gaan uitwys by die stegie agter die Grand Hotel waar die oorledene se lyk ontdek is.

**12.** Inspekteur Martin se getuienis was verder dat, alhoewel hy 'n drankreuk by die beskuldigde kon bespeur, die beskuldigde heel normal opgetree het – hy het normaalweg gepraat, geloop

en gereageer. Inspekteur Martin het saamgestem toe dit aan hom gestel is dat dit baie donker en weggesteek was waar die oorledene gelÍ het.

Aan die einde van sy getuienis in hoof het inspekteur Martin op ‘n vraag van mnr. Kammies, namens die Staat, gesÍ dat hy wel die beskuldigde gewaarsku het vóór die uitwysiging dat hy dit nie hoef te doen nie en dat die beskuldigde desondanks die toneel uit sy eie vrye wil gaan uitwys het.

Nadat die beskuldigde die uitwysing gemaak het, het hy die beskuldigde gearresteer.

**13.** In kruisondervraging het inspekteur Martin weer bevestig dat hy eers die beskuldigde formeel gearresteer het op die stadium nadat die beskuldigde die oorledene se lyk gaan uitwys het. Aangaande die gebeure by Janwa taverne (m.a.w. vóór die uitwysing ) het mnr. Langenhoven die beskuldigde indringend ondervra meer bepaald ten aansien van die vraag of hy die beskuldigde se regte aan hom verduidelik het. Dit is belangrk om volledig aan te haal uit die oorkonde:- “U praat met die

man... gedood het" (pp. 43 - 44). Verderaan kom die vogende voor: "... Meneer, het u ooit vir die beskuldigde verduide lik dat hy die reg het om te swyg? ..." (pp.45 – 47).

**14.** Artikel 35 lees as volg: "35 <u>Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone (</u>see heads p.4).

**15.** Na my mening is hier 'n twee fase ondersoek wat gedoen moet word, te wete:

(a) het daar 'n inbreukmaking op die beskuldigde se fundamentele regte soos vervat in artikel "35(1) en (2) plaasgevind en, indien wel ;

(b) behoort die getuienis wat verkry is na sodanige inbreukmaking (te wete die uitwysing) uitgesluit te word ooreenkomstig die bepalings in artikel 35(5) hierbo?

16.1 Alvorens ek die bovermelde vrae behandel is dit nodig om eers na 'n prosedurele aspek te vewys.

e n Uitwysing is niks anders nie as 'n erkenning deur gdrag en moet as sulks, soos wat die geval is by 'n mondelinge of geskrewe erkening, deur die Staat bewys word as toelaatbare

getuienis alvorens dit ontvang kan word as bewysmateriaal; sien: **S v January; Prokureur Generaal, Natal v Khumalo** 1994(2) SASV 801(A) te 806 b – 807 d.

Toelaatbaarheid in hierdie konteks slaan natuurlik op die ongewongendheid en vrywilligheid van die uitwysing. Sien: **S v Sheehama** 1991(2) SA 860(A) te 879 B – I. In *casu* is dié betrokke aspek egter nie in geskil nie – dit gaan eerder oor die beweerde inbreukmaking op die beskuldigde se fundamentele regte.
In ‘n geval soos die onderhawige, waar met beroep op die bepalings vervat in artikel 35(5) van die Grondwet aangevoer word dat die getuienis uitgesluit moet word, rus die bewyslas op die beskuldigde; Sien: **S v Gumede & others** 1998(5) B CLR 530(D) te 538 I; S v Naidoo and another 1998(1) SASV 479(D).

16.2 Wanneer die toelaatbaarheid van getuienis aangeveg word, word gewoonlik ‘n tussentydse binneverhoor gehou; sien: Schmidt, Bewysreg, 4e uitgawe te 370-2 , en gewysdes daar aangehaal. ‘n Beskuldigde of die Staatsaanklaer kan nie afstand doen of verkies om nie die toelaatbaarheid van getuienis in ‘n binneverhoor te beslis nie, omrede dit ‘n geregshof se taak is om ‘n beslissing oor toelaatbaarheid te

maak; sien: **S v Nieuwoudt** (3) 1985 (4) SA 510(K) te 517 F-H.

16.3 Onder normale omstandighede dus sou die toelaatbaarheid van die getuienis t.a.v. die uitwysing deur die beskuldigde *in casu* in 'n binneverhoor beslis moes word. In hierdie saak is daar egter nooit 'n binneverhoor gehou nie bloot omrede die toelaatbaarheid van die uitwysing – getuienis nooit in geskil geplaas is tot en met betroogstadium nie. Soos mnr. Langenhoven tereg aandui in sy betoogshoofde, is die rede vir dié stand van sake voor die hand liggend, nl. dat die beskuldigde se verweer van amnesie beteken dat hy (mnr. Langenhoven ) glad geen instruksies gehad het oor die inbreukmaking al dan nie van die beskuldigde se fundamentele regte meer bepaald soos vervat in artikel 35 van die grondwet.

16.4 Die reg om die toelaatbaarheid van beweerde ongrondwetlik verkreë getuienis te laat beslis by wyse van 'n binneverhoor is

inderdaad deel van die beskuldigde se grondwetlike reg tot 'n billike verhoor; sien **S v Mhlakaza en andere** 1996(2) SASV 187(K) te 194e -195d. Vir die redes in die voorafgaande paragraaf vermeld was daar egter nie 'n binneverhoor gehou nie. Volledigheidshalwe moet ek ook vermeld dat, alhoewel mnr. Langenhoven vir inspekteur Martin deurtastend daaroor gekruisondervra het, het hy egter geen pertinente stellings aan die getuie gemaak dat die beskuldigde se grondwetlike regte aangetas was nie. Om die waarheid te sÍ, mnr. Langenhoven het inderdaad sy kruisondervraging van inspekteur Martin as volg afgesluit: "Mnr. Martin ek gaan dan ten slotte my instruksies aan u stel . Die beskuldigde sÍ vir my hy was die betrokke aand, nag dan nou, tot so 'n mate onder die invloed van alkohol dat hy nie eens weet dat hy enigiets (onduidelik) ...? Ek verstaan nie as hy sÍ hy kan nie onthou nie U Edele, want ons het alles saam gedoen. Toe was hy daar gewees". Ek het my notas nagegaan en daarvolgens behoort die gedeelte van mnr. Langenhoven se vraag wat as "onduidelik "

deur die transkribeerder aangemerk word hierbo, as volg te lees: "… nie eens weet dat hy enigiets met u te doene gehad het nie?". Uit bovermelde is dit dus onteenseglik duidelik dat daar geen ruimte was vir mnr. Langenhoven om die toelaatbaarheid van die getuienis aan te val nie.

16.5 Nieteenstaande die feit dat geen binneverhoor gehou is nie en dat die toelaatbaarheid van die getuienis nooit aangeval is nie, is dit steeds egter my taak om aan die einde van die verhoor te bepaal of die uitwysing–getuienis toelaatbaar is al dan nie.

In dié verband is mnr. Kammies na my mening duidelik verkeerd waar hy in sy aanvullende betoogshoofde submitteer dat dit 'n growwe onreëlmatigheid daar sou stel indien ek op hierdie laat stadium van die verhoor die toelaatbaarheid van die uitwysingsgetuienis sou bereg. Selfs al was 'n binneverhoor gehou en 'n beslissing gemaak, sou sodanige beslissing in elk geval bloot interlokutoor wees en sou dit op enige stadium van die verhoor hersien en gewysig kon word –

sien: **S v Mkwanazi** 1966 (1) SA 736 (A), _S v Tjiho_ 1992(1) SASV 639 (Nm). Ook mnr. Kammies se beroep op die ongerapporteerde beslissing van Buys R in **S v George Phillip van Zyl en andere**, CA & R 117/02, sit die pot mis. Daardie beslissing bevestig bloot die beginsel dat, toelaatbaarheid van getuienis in 'n binneverhoor beslis moet word – dit dien glad nie as gesag vir die verbasende submissie dat dit onreëlmatig sou wees om toelaatbarheid van beweerde ongrondwetlike verkreë getuienis aan die einde van die verhoor te beslis nie.

16.6 Ek wend my vervolgens dus tot 'n oorweging of die getuienis oor die uitwysing toelaatbaar is al dan nie.

17. Ek het alreeds daarvan melding gemaak dat, volgens inspekteur Martin se getuienis, hy die beskuldigde bloot as 'n verdagte behandel het totdat hy die uitwysing gemaak het, daarná eers het hy die beskuldigde gearresteer( sien paragrawe 12 en 13 hierbo). Hierdie getuienis het inspekteur

Martin gelewer in hoofondervraging sowel as in kruisondervraging. Hy was konsekwent en adamant daaraangaande en daar is niks op rekord wat dit weerspreek nie. Dit strook ook met die algemene waarskynlikhede in hierdie saak. Ek aanvaar gevolglik daardie getuienis en bevind as 'n bewese feit dat die beskuldigde eers arresteer is <u>nadat</u> hy die uitwysing gedoen het.

18.1 In die lig van my voormelde bevinding, is ek die mening toegedaan dat die bepalings van artikel 35(1) dus nie van toepasing is op die gebeure voorafgaande en aanleidend tot die uitwysing nie.

18.2 Wat wel van toepasing is hier wat sodanige gebeure aanbetref is artikel 35(2) se bepalings. Ek meen dat die beskuldigde, ten minste op die stadium toe hy in die polisievoertuig geplaas is deur inspekteur Martin om die uitwysing te gaan maak, 'n aangehoudene was soos bedoel in artikel 35(2). Die beskuldigde het dus op daardie stadium onder andere die reg

gehad om met ‘n regsverteenwoordiger van sy keuse te konsulteer en om onverwyld van sodanige reg ingelig te word( artikel 35(2)(b) ).

18.3 Soos blyk uit die aangehaalde passasie van die kruisondervraging van inspekteur Martin(paragraaf 13 hierbo) , het hy getuig dat hy die beskuldigde ingelig het van sy regte en dat hy nie verplig is om die uitwysings te doen nie. By p. 44(12 – 17) het hy pertinent ook vermeld dat hy die beskuldigde ingelig het dat hy die reg het om regsverteenwoordiging te bekom. Hierdie getuienis is, uit die aard van die saak gegewe die beskuldigde se verweer, nooit betwis nie. Wat betref die beskuldigde se swygreg wat mnr. Langenhoven veral beklemtoon het in latere kruisondervraging is dit myns insiens baie duidelik dat sodanige swygreg nie van toepasing was vóór die beskuldigde se arrestasie nie ( sien artikel 35(1) (a) en (b) ). Inspekteur Martin getuig dan ook pertinent en onomwonde dat hy ná arrestasie die beskuldigde ingelig het

van sy swygreg( oorkonde p. 46 (13 – 24). Hierdie getuienis is weliswaar deeglik getoets in kruisondervraging, maar is ook nooit betwis nie.

18.4 Ten spyte daarvan dat ek inspekteur Martin as ‘n swak getuie ervaar het, staan sy getuienis op hierdie belangrike aspekte onbetwis. Verder is dit van allergrootste belang om deurgaans in gedagte te hou dat die bewyslas t.a.v hierdie toelaatbaarheidsaspek op die beskuldigde is. Daar is geen getuienis tot die teendeel van wat inspekteur Martin beweer nie. Daar is ook geen ander feite of omstandighede waarop beslis kan word dat die beskuldigde hom op ‘n oorwig van waarskynlikhede van hierdie bewyslas gekwyt het nie.

18.5 Bygevolg bevind ek as bewese die volgende:

a. dat inspekteur Martin vÚÚr die uitwysing en nadat hy die beskuldigde as verdagte in aanhouding geplaas het, hom wel gewaarsku het aangaande sy reg op

regsverteenwoordiging en dus artikel 35(2)(b) se vereistes nagekom het;

b. dat inspekteur Martin ná arrestasie dadelik die beskuldigde verwitig het van sy swygreg en dus artikels 35(1)(a) en (b) se bepalings nagekom het.

18.6 Gevolglik bevind ek dat die getuienis oor die uitwysing van die oorledene se lyk in die stegie agter die Grand Hotel deur die beskuldigde toelaatbaar is.

19.1 Mnr. Langenhoven het aangevoer dat die beskuldigde in elk geval té besope was om sy grondwetlike regte te begryp en om daarvan afstand te doen. In dié verband steun hy op: **S v Brown en 'n ander** [1996] 3 All SA 625(NK) te 646 H, waar Buys R as, volg beslis het: " Ooglopend kan 'n beskuldigde wat te dronk is om, nie slegs sy regte te begryp nie, maar ook die gevolge van die afstanddoening van sy regte, nie sinvol van sy regte ingevolge die grondwet afstand doen nie."

19.2 In sy getuienis het die beskuldigde sy pleitverduideliking bevestig en nader toegelig, naamlik dat hy dié aand só besope was dat hy glad niks kan onthou van die gebeure nie. Volgens hom was hy a.g.v dié besopenheid nie – pathologies ontoerekeningsvatbaar. Hy het ook die getuienis gelei van ene mnr. Rademeyer, wat gedurende die tersaaklike datum 'n restaurant en kroeg bedryf het te Kuruman. Die beskuldigde was op 'n stadium daardie betrokke aand by sy restaurant; die beskuldigde het inteendeel met sy eie bottel brandewyn daar opgedaag. Dit is duidelik uit sy getuienis dat die beskuldigde 'n aansienlike hoeveelheid sterk drank verorber het die betrokke aand. Hy bevestig ook, soos wat die beskuldigde getuig het, dat laasgenoemde hom daaroor bekla het oor die feit dat sy verhouding met sy meisie opgebreek het wat aanleiding gegee het tot die beskuldigde se verskriklike drinkery die betrokke aand.

19.3 Aan die ander kant het 'n mens die getuienis van die Staatsgetuies oor hierdie bepaalde aspek, te wete die beskuldigde se graad van dronkenskap die betrokke aand. Die Staatsgetuies wat hieraangaande getuienis gelewer het is inspekteur Fortuin, inspekteur Martin, mnr. Voges, mnr. Keopelwe en dr. Panieri-Peter. Volgens inspekteur Fortuin het die beskuldigde vreemd opgetree op, die staduim toe hy foto's van die beskuldigde geneem het – die beskuldigde het volgens hom "vertonerig" voorgekom; dit blyk ook uit van die foto's voor my. Inspekteur Martin het getuig dat, alhoewel hy 'n drankreuk aan die beskuldigde kon bespeur, die beskuldigdes normaalweg geloop en gepraat het. Hy het in geskil getree met die stelling dat die beskuldigde só besope was daardie aand dat hy nie eers geweet het dat hy met inspekteur Martin te doene gekry het nie. Mnr.Voges was kroegman by die nabygeleë Savoy hotel. Uit sy getuienis blyk dit dat die beskuldigde ná middernag by sy kroeg aangedoen het waar hy heelwat drankies ingeneem het. Die beskuldigde was

aggressief en het dan ook in 'n woordewisseling betrokke geraak met van die ander klante daarso. Volgens mnr. Voges was die beskuldigde egter nie slingerdronk nie. Mnr. Keopelwe getuig ook dat die beskuldigde duidelik onder die invloed van drank was maar dat hy nie slingerdronk was nie. Dr. Panieri-Peter is ongetwyfeld die belangrikste getuie aangeaande hierdie aspek. Sy is 'n konsultant psigiater by die Valkenberg hospitaal se forensiese eenheid in Kaapstad. Die partye is dit eens dat sy 'n deskundige in haar vakgebied is. Aangesien daar aanvanklik twyfel was oor die beskuldigde se geestesvermoëns is hy deur 'n bevel van hierdie Hof verwys vir waarneming na die Valkenberg hospitaal ingevolge die bepalings van artikel 79(2) van die Strafproseswet. Dr. Panieri-Peter het 'n verslag gedoen in gevolge 79(4) van daardie Wet. Sy het ook in *viva voce* getuienis die verslag nader toegelig.

Haar deskundige mening is dat:

(a) die beskuldigde 'n geskiedenis van hewige

alkoholmisbruik het en dat hy tydens die voorval wel onderdie invloed van drank was;

(b) dat hy selektiewe geheueverlies het aangaande die gebeure van die betrokke aand, welke selektiewe geheuevelies nie te wyte is aan 'n geestesiekte of 'n epilleptiese aanval nie;

(c) dat dit onwaarskynlik is dat alkoholinname kon aanleiding gee tot hierdie tipe amnesie;

(d) dat alhoewel daar wel oomblikke van amnesie bestaan,die beskuldigde sekere inligting kon verskaf t.a.v. die misdryf; en

(e) dat die beskuldigde derhalwe nie geestesongesteld is nie.

Dr. Panieri-Peter was daarvan oortuig dat die beskuldigde se verweer van nie–patologiese ontoerekeningsvatbaarheid a.g.v dronkenskap nie kan opgaan nie, veral as dit gemeet word aan die riglyne neergelÍ deur die Hoogste Hof van Appél in **S v Eadie** 2002(1) SASV 663 (HHA).

19.4 Die bewyslas rus op die Staat om te bewys dat die beskuldigde wel toerekenningsvatbaar was tydens die pleging van die misdryf. DÌt het die Staat na my mening oorweldigend bewys op die weergawes van die Staatgetuies na wie ek hierbo verwys het, veral dié van dr. Panieri –Peter . Die feite en omstandighede in hierdie saak vir soverre dit die beskuldigde se selektiewe geheueverlies kan vergelyk word met dié **S v Calitz** 1990(1) SASV 119(A) waar Botha AR die volgende verklaar het t.a.v die appellant in daardie saak(te 127 g van die verslag ): "Volgens … toerekenningsvatbaar was".

19.5 'n Beskuldigde kan nie bloot apaties terugsit en verwag dat die staat toerekeningsvatbaarheid moet bewys nie. Soos dit gestel word deur Kumleben AR in **S v Potgieter** 1994(1) SASV 61(A) met verwysing na die artikel van prof. CWH Schmidt "*Laying the foundation for a defence of sane automatism*" in die 90 (1973) SALJ 329 te 333 waar verklaar word dat: "the accused has to adduce evidence from which a reasonable alternative inference can be drawn that he

acted unconsciously".

19.6 In die Eadie –saak hierbo aangehaal rig Nava AR 'n ernstige vermaning te paragraaf 61(p.690 e- g) dat hierdie besondere verweer versigtig ge-evalueer moet word en die riglyne neerlÍ deur die Hoogste Hof van Appel moet streng toegepas word, ongeag die simpatie wat 'n mens mag hÍ jeens 'n beskuldigde. Ek skaar my respekvol by hierdie benadering.

20 Ek is gevolglik heeltemal tevrede dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde wel toerekeningsvatbaar was ten tyde van die pleging van die misdryf.

21.1 Die enigste getuienis voor my wat suggereer dat dit die beskuldigde is wat die oorledene vermoor het, is die getuienis dat die beskuldigde die oorledene se lyk uitgewys het aan die polisie( daar is geen getuienis aangaande 'n verband tussen die bloed op die beskuldigde se skoene en die oorledene nie). Die *locus classicus* aangaande omstandigheidsgetuienis is steeds **R v Blom** 1939 AD 188 waar te 202-3 die volgende beginsels neergelÍ word t.a.v die bewys van 'n feit wat in geskil is deur omstandigheidsgetuienis:

a) die afleiding wat die Staat voorstaan moet versoenbaar wees met alle bewese feite; en

b) die bewese feite moet sodanig wees dat hulle elke redelike afleiding uitsluit behalwe die een wat voorgestaan word.

21.2 In die onderhawige saak gaan wys die beskuldigde 'n lyk uit van iemand wat kort vantevore vermoor is in 'n versteekte, donker stegie. By die inspeksie ter plaatse het dit my opgeval dat enige verbyganger, hoe oplettend en wakker hy of sy ookal mag wees, hoegenaamd nie in die nag, daar in die donker stegie 'n lyk sou sien lÍ het nie. Die oorledene het 'n aansienlike distansie diep in die stegie gelÍ – dit is gemeet as ongeveer 35 meter vanaf die ingang van die stegie. Die afleiding is onvermydelik dat die beskuldigde die lyk gaan uitwys het omrede hy die moordenaar was. Hierdie afleiding word versterk deur die getuienis aangaande die beskuldigde se aggressiewe gedrag daardie aand soos voorgehou deur mnr. Voges en tot 'n mindere mate deur mnr. Rademeyer. Selfs die beskuldigde het teenoor dr. Panieri-Peter erken dat hy gewoonlik aggressief optree as hy onder die invloed van drank is. Boonop het sy meisie hulle verlowing dié dag beeÔndig wat

sy emosies verder moes aangevuur het. Die beskuldigde het dan ook tot ‘n mate toegegee in kruisondervraging dat hy aggressief raak as hy besope is. Hy was dan ook dié betrokke aand in ‘n geveg betrokke in die Savoy hotel met ene Bobby vir wie hy met die kop in die gesig gestamp het.

21.3 Alles in ag genome is ek bo redelike twyfel tevrede dat die enigste redelike afleiding, versoenbaar met al die bewese feite en wat alle ander redelike afleidings uitsluit, is dat die beskuldigde die oorledene vermoor het deur die groot baksteen, bewysstuk 1 voor die Hof, op sy kop te gooi of hom daarmee te slaan.

**Gevolglik word die beskuldigde skuldig bevind aan moord.**

___________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

ADVOKAAT NAMENS STAAT: ADV. E. KAMMIES

ADVOKAAT NAMENS BESKULDIGDE: ADV. T. LANGENHOVEN